## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM Donderdagaande 7pm @ Kolping
## Stad: 12 Aug. — Vredelust: 21 Aug.

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________

E-Mail________________________ Sel__________________

Woonadres

________________________________________

ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum
## 11 Augustus 2013
## DIE GOUE REËL: WATTER KERK GAAN HEMEL TOE?

## STILTE IN DIE KAPEL

~ ALLELUJA — RUSSIES ORTODOKS ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

VOORGANGER:
In die kerse brand U lig — ons word omring deur U lig,
die kerse flikker U teenwoordigheid
en ons onthou: ons is Heilig —
alles is Heilig want U is Heilig.
"Heilig ... Heilig ... Heilig!" roep ons saam met engele.
U is hier ... ons in U, en U in ons.

ALMAL SAAM:
Wys my hoe — God ons Vader
Leer my hoe — Heilige Asem van God
Lei my daarheen — Jesus ons Leermeester

VOORGANGER:
U lig brand in ons midde, U lig omring ons liggame,
U lig skyn in ons gedagtes, U lig weerkaats vanuit ons harte.
Mag U lig vanuit ons opstyg sodat ander die hoop sal sien
en herinner sal word daaraan, U is die LIG van die wêreld!

## - STILTETYD -

If you let go a little, you will have a little happiness
If you let go a lot, you will have a lot of happiness
If you let go completely, you will be free.....
~ Ajahn Chah ~

~ AMEN-ALLELUJA — RUSSIES ORTODOKS ~

# VOOROORDELE A.G.V. VREES & SKULD

## WAT VERANDER AS LIEFDE DIE ANTWOORD IS?

Die grootste krisis van die moderne mens is nie 'n ekonomiese krisis of ons emosionele verwaarlosing nie; nog minder 'n maatskappy of regering waarin ons funksioneer nie: die grootste krisis van die dag is 'n spirituele armoede! Godsdienstige hoogmoed het soveel goed tussen ons en God geskuif dat ons vergeet het TRANSFORMASIE beteken nie verwerp en veroordeel nie maar juis verandering — i.e om 'n groter weergawe van onsself te wees!

========================================================

DIE ROEPING VAN DIE KERK:

1. **'n Veilige hawe waar respek en aanvaarding is** [C]
2. **'n Verantwoordelike en relevante stem** [A]
3. **'n Leivoor na die bedding van geloof, hoop, en liefde** [R]
4. Integriteit, toewyding, en die moed om te vernuwe [E]

Ons kan erken, daar is baie goed wat ons nie verstaan nie en as ons dit sou verstaan sou dit ons lewe verander. Ons kan kies om dit te ondersoek tot ons verstaan en die moed sal hê om te verander en te vernuwe sodat dit ons siel, lyf en denke in harmonie sal bring met onsself en met God.

========================================================

*"Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan **bid**. Bo alles moet julle mekaar hartlik **liefhê**, want die liefde bedek baie sondes. Wees **gasvry** teenoor mekaar sonder om te kla. As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander **dien**. As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles **verheerlik** deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen" (1 Petrus 4:7-11)*

### Wat verander as LIEFDE die antwoord is?

Mag my liggaam die tempel wees van U Gees
mag elke sel in my liggaam U lig weerkaats –
mag my mond net praat wat U wil hê ek moet sê.
Mag my voete net loop in die rigting wat U wil hê –
mag my hande U werk dra in alles wat ek sê en doen.
Mag ek gesond wees in liggaam, gees en denke –
mag elke vorm van siekte my verlaat.
In U heilige Naam — mag ons U doel bereik
nou en vir altyd ... wys ons hoe!
AMEN

Lees Psalm 84

*(Gebed deur Marianne Williamson)*

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ CHORALE — RUSSIES ORTODOKS ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*U was beeldskoon teen sonsondergang*
*U was beeldskoon teen dagbreek*
*Pad na my eindpunt*
*Geloof van my wortels*
*Helper van my reis*
*Besluitnemer van my tog ... ek dank U*
*die dag toe ek gebore is*
*het U op my uitgestort soos 'n waterval*
*U gees is heilig*
*U woord laat my skuil, want ek is niks*
*wat is ek anders as pasgeborene?*
*U hou aan om my te red van die wêreld*
*selfs al is ek 'n riet in die water*
*hou U my*
*en stuur U maan met die lewe vir ewig en altyd*
*U is my pragtige bruid*
*U versorg my sodat ek nie êrens afval nie*
*sodat ek sterk staan soos hoofman Nyabela*
*omdat U na my kyk*
*omdat U na my bly kyk*

(Die Ndebele digter: Johannes Thengi Jiyane)

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ SERENADE — RUSSIES ORTODOKS ~

***"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe."***

(Efesiërs 4:2-3)